

STUDIEVELD B: REISIGERS

LES 1

*Fokus: Navorsing - bekende afrikaanse skrywer: C.J. Langenhoven (1873 – 1932).
Nota: Die volgende word verskaf ter inligting oor die skrywer, asook die verhaal "Loeloeraai", wat voorkom in die uittreksel in Les 2 wat hierna volg. Dit kan bestudeer word as 'n stukkie interessantheid ten opsigte van hoeveel jaar gelede die verhaal geskryf is deur een van Suid-Afrika se bekendste Afrikaanse skrywers.*

C.J. Langenhoven se sukses as skrywer het daarin gelê dat hy geskryf het oor die alledaagse dinge, dit waarmee die gewone mens hom kon vereenselwig. Hy het as skrywersname C.J. Langenhoven en Sagmoedige Neelsie gebruik.

Onder die formidabele bydraes tot Afrikaanse literatuur en kultuurgeskiedenis, is hy ook die skrywer van die vorige volkslied van Suid-Afrika ('Die Stem'). Een van die strofes van hierdie lied is vandag steeds deel van die huidige volkslied ('Nkosi Sikelel iAfrika') en word steeds in Afrikaans gesing.

Aanhaling vanaf <http://mieliestronk.com/loeloeraai.html>


iets VOORAF deur Mieliestronk.com:

Hierdie e-boek is wat die Amerikaners "in the public domain" noem. Dit beteken dat die kopiereg op die boek verval het, wat ingevolge die Suid-Afrikaanse reg, geld vir gepubliseerde werke waarvan die skrywer langer as vyftig jaar tevore oorlede is. Dit is danksy hierdie bepaling dat groot en klassieke werke vandag sonder beperkinge tot elkeen se beskikking is.

Loeloeraai is skuins duskant negentig jaar gelede geskryf. Die ruimte-eeu was nog nie eens 'n glinstering in die oog van die mensdom nie, wat nog te sê die landing van mense op die maan. Dit maak die verhaaltjie des te merkwaardiger.

In die dekades sedertdien het ons kennis van die sonnestelsel soveel uitgebrei - soos die bevinding dat die planeet Venus 'n onleefbare inferno is waar selfs swawelsuur in die hemele sweef - dat moderne kenners heelparty wetenskaplike onjuisthede in die boek sal vind.

En tog bly dit 'n juweeltjie in die klein Afrikaanse skatkissie van wetenskapsverhale (wetenskapsfiksie). Die sprankelende humor van C.J. Langenhoven, gemeng met sy ryke verbeeldingskrag en sy besondere



insig in die feite, vreugdes en sielesmarte van die mens, word meesterlik verplant na 'n milieu van ruimtevaart om ook die laasgenoemde begrip vir die talle landelike mense van destyds verstaanbaar te probeer maak.

Daarby is Langenhoven se werke natuurlik steeds maklik om te lees, vanweë sy onopgesmukke skryfstyl. As ons terugkyk op die wordingsgeskiedenis van Afrikaans, kan ons goed begryp waarom hy reeds in die vroegste jare van ons skryftaal, beskou is as 'die man wat die Afrikaner leer lees het'.

Dit bly nietemin belangrik dat die voornemende leser ten minste so iets van "Sagmoedige Neelsie" moet weet voordat hy of sy hoegenaamd sou begin om met Loeloeraai kennis te maak...

Neelsie (soos Langenhoven homself projekteer) woon op Oudtshoorn met sy Vrutjie en hul dogter Engela, waar hy maar gereeld deur sy bure getreiter word, soos ook in boeke soos Sonde met die Bure en Herrie op die ou Tremspoor vertel word. Herrie is 'n olifant wat Neelsie op sy werf aanhou vir "diens", waar nodig. Neelsie se hond se naam is Jakhals (gespel met 'n h).



LINKS: Die werklike gesin Langenhoven. Op die foto heel links is die skrywer en "Vrutjie" in 1926 saam by die kerk op Oudtshoorn toe hul dogter, Engela, getrou het. Op die ander foto is pa Langenhoven saam met Engela.

Oom Stoffel Gieljam (van Doppers en Filistyne-faam wat ook'n groot rol in Loeloeraai speel) was volgens die skrywer 'n gelukkige boer wat stil en rustig "in voorvaderlike eenvoud" gelewe het totdat hy met Soetlief, 'n jong rooikopvrou, getrou het. Stoffel verteenwoordig die laaste geslag van oues wat nog moeilik byt aan die gedagte dat die aarde rond is en om sy eie as draai.

Plaas 'n besoeker van 'n ander planeet tussen sulke mense en in só 'n omgewing en jy moet vir seker baie meer as net 'n geringe opskuddinkie verwag . . .

1.1 Gebruik die internet om meer oor C.J. Langenhoven en sy lewe uit te vind.

1.2 Druk die woorde van 'Nkosi Sikelel iAfrika' uit en sing dit saam.



LES 2

Fokus: Luister en vertel -"Loeloeraai" deur C.J.Langenhoven.

Nota:

- *Die doelwit van hierdie gedeelte is die bymekaarbring van die ouer Afrikaanse taalgebruik en die huidige Afrikaanse taalgebruik; aanmoediging om verbeelding te gebruik; stimulering van kleurvolle woordgebruik.*
- *Daar behoort egter aan die student uitgewys te word dat die gebruik van "voet" in die leesstuk nie na 'n ouer gebruik van Afrikaans verwys nie, maar na mate wat tot in die vroeë sestigs in SA in gebruik was en na Republiekwording in 1961 na die metrieke stelsel omgeskakel was (d.i. "meter").*
- *Lees die uittreksel aan die student voor met 'n effense klem op die skuinsgedrukte dele wat die ouer gebruik van die Afrikaanse taal weergee.*

2.1 Uittreksel uit "Loeloeraai" deur C.J.Langenhoven (1923):

"Ouman, ons kan die aandstêr môre-aand weer sien en ons met bepeinsings oor sy bewoonbaarheid besighou. Kyk vereers daardie snaakse vliegtuig regoor ons kop."

Ek en Vroutjie was eenmaal in 'n vliegtuig op. Van skone weelderigheid en net om te kon sê ons het gevlieg. Van daardie tyd af stel sy 'n *persoonlike belang* in die goed, asof hulle almal hare was, maar hier onder van die harde grond af. Maar dit was 'n snaakse een hierdie slag. Langwerpig-rond nes 'n reusagtige eier, geelblinkend teen die laaste skynsel van die *aandrood*. Maar geen vlerk of *rad* daaraan nie, en geen mandjie onder nie. Anders sou ek gedink het dit was 'n *lugbal*.

"Engela, Engela!" roep Vroutjie. "Kom kyk wat kom hier aan". "Ek kan nie nou uitkom nie, Mamma," hoor ek uit die *binnekamer*. 'n Half-ongeduldige, half-belemmerde stem. Haarnaalde, dog ek. (Eksel self sou my nie met daardie soort nimmerstakende moeilikheid vrywillig teen my sin belas nie. Maar 'n *meisiemens* is nou eenmaal bestem om 'n *vroumens* te word.)

Ondertussen kom die lugding al dalende nader.

"Wragtig, Vroutjie, hy is van plan om op my *somerhuis* te kom sit". En ek *vlie* weg somerhuis toe en ek swaai my arms en ek skree. Jakhals hardloop saam, blaf-blaf, meeste op sy agterpote, om die vyand halfpad te kan ontmoet.



Herrie kom ook nader, slurp orent. Ek sou gedink het ons moet 'n skrikwekkende vertoning gemaak het. Maar ek *kon nie merk* dat die *vliegman* - as daar een in die dop was - hom aan ons steur nie. Ek *wis* ook nie hoe hy ons kon sien nie, want *daar wys geen die minste* venster of opening aan die onderkant van die ding nie. Hy sak stadig tot hy twaalf voet van die grond af is, maar net soos ek my klaar maak om my meesterstuk te sien verongeluk, gee die ding 'n swaai; en stil en sag soos 'n *veerdons* kom hy op die gelyk grond voor my tot rus.

Toe kom Vrutjie ook by en Engela kom by die agterdeur *uitgevlieë*. Sy kan haastig klaar maak wanneer sy nuuskierig is. Jakhals *beruik die onbekende voorwerp* rondom maar sonder blykbare bevrediging. Herrie kyk vir my met 'n hoopvolle blik aan, maar ek gee hom nie aanmoediging nie. "Nee, Herrie," sê ek, "wag eers. Altemit sal ek jou 'n *naderhandter* nodig kry."

Ek *loop die bol* om en om en ek trek vuurhoutjies, maar daar *is nie die minste* openinge te sien nie, nie soveel as 'n naat of 'n voeg nie. Dis blykbaar één vaste stuk metaal; omtrent twintig voet hoog en twaalf of vyftien *voet in die wydte*; gladblink soos 'n spieël en geel soos goud.

"En toe, Ouman," sê Vrutjie. "Wees nou slim."

"Jy weet, Vrutjie, waar jy by is, is ek altyd slim genoeg om stil te bly."

"Ja," sê sy; "altyd slim genoeg waar dit onnodig is. Dit lyk vir my dis van jou mense van Venus wat nie langer op 'n afstand wil bly vir jou liefde nie."

"How perfectly lovely!" gushes Engela. (gushes is 'n Engelse woord; skrywerskeuse).

"*Dogtermens*," sê ek, "hoeveel maal *het ek jou gebied* om jou Engels te hou vir jou Engelse jongkêrels?"

"Pappa, ek het g'n Engelse jongkêrels nie". En sy skud wat haar bosgasie sou gewees het as haar ouderdom nie *die haarnaalde* ingehaal het nie.

"Maar dan het hulle darem 'n Engelse nooi," sê ek.

"Stil, Kerneels," order Vrutjie. "En toe?"

"En toe niks, Vroumens. Jy hou aan jou malle verstand af 'en toe, en toe, en toe,' asof ek nodig het om rekenskap te gee van hierdie vervlakste *geelbras* gedoente wat ek nie hierheen genooi het nie.

"Kiewiet!" skree ek, want ek was vererg, "bring vir my *die voorhamer* hier en sorg dat ek hom het voor ek weer moet praat. En hardloop jy, dogter, gaan haal *my mauser* in my kamer en maak gou en pasop hy's gelaai."

"Ouman," sê Vrutjie, en sy vat my liefies aan die arm. (As een van ons twee kwaad word, praat die ander altyd mooi. Nou en dan, by uitsondering, is sy die ander, gewoonlik is sy die een). "Ouman, moenie onverskillig word nie. Dalk is *die ding* vol dinamiet. Dit kan maklik nog 'n *vernieltuig* wees wat uit die laaste oorlog oorgebly het. Wie weet, altemit het daar iets met die masjinerie verkeerd gegaan sodat die ding nog altyd bo in die lug om die aarde rondgetrek het en nou eers afgeloop het..... Kom, Ouman, kom ons gaan maar eers eet. Ons kan op die oomblik niks verder uitvoer nie."



2.2 * Vertel in jou eie woorde waarom dink jy gaan die storie.

* Lees weer die woorde wat *skuinsgedruk* is in die teks – dit verwys na ou Afrikaanse taalgebruik.

* Hoe sou jy hierdie woorde gestel het? Bespreek die regstelling van eie indrukke wat moontlik foutief kon wees - sien gonswoorde aan einde van Studieveld B.

* Bespreek die bedoeling en die betekenis van die woorde hieronder (die fokus hier is selfstandige naamwoorde en byvoeglike naamwoorde en is in leesstuk onderstreep).

– daardie snaakse vliegtuig

Is dit lagwekkend? Vervang die woord "snaaks":

– die harde grond

Vervang eers "grond" en dan "harde":

– 'n reusagtige eier


Vervang "reusagtig" met "piepklein"; wat gebeur met "eier"?

– 'n skrikwekkende vertoning

Vervang "skrikwekkende":

– die onbekende voorwerp

Vervang die woord "onbekende" en noem dan die spesifieke voorwerp waarvan daar gepraat word, op die naam:



– **die haarnaalde**

Sit 'n woord by om die "haarnaalde" mooier te laat klink:

– **die voorhamer**

Wat is 'n ander woord hiervoor; watter woord kan bygesit word?

– **my mauser**

Hoe kan hierdie voorwerp beter beskryf word deur een of twee woorde vooraan te skryf?

– **die ding**

Vervang "ding" en voeg 'n paar woorde vooraan by:

2.3 Wat dink jy gaan **volgende** gebeur in die storie? Vertel.

2.4 Hoe dink jy gaan die storie **eindig**? Vertel.

2.5 Hoe dink jy lyk die vlieënde voorwerp in die storie, en as daar 'n wese in sou wees, hoe dink jy sal die wese lyk? Kombineer jou logiese denke en verbeelding en maak 'n skets op die volgende bladsy om dit te illustreer:



